dubbel Visie

OGGENDDIENSTE VANAF 10 JANUARIE 2010 OM 08:30 & 10:15

Mosaiek is geseënd ...

Na 5 jaar in ons Fairland-gemeentetuiste herinner die reis tot dusver aan die gedeelte wat Lukas in Handelinge geskryf het: ***'die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is.'***

Verkeer, parkering, kapasiteit, tendense en ander uitdagings lei ons om weer 'n geloofstap te neem. Ons hoop dit het implikasies op mense se soeke na God *(OPwaarts)*, mense wat 'n verskil wil maak met hul talente *(UITwaarts)*, en dat dit mense sal inspireer om ander in hulle wêrelde in te nooi *(METwaarts)*.

Van **10 Januarie 2010** spring ons weg met **2 oggenddienste**, om **08:30** en **10:15**.

3 **Drie bewegings**
Opwaarts, Metwaarts, Uitwaarts

2 **Twee oggenddienste**
08:30 en 10:15

1 **Een belewenis**
Mosaïek AM!

Die dienste sal presies dieselfde wees – en alle verwante bedienings soos **Mez'o** en **Planet J** dupliseer ook hulle byeenkomste om vir tieners en kinders 'n *great* ervaring te skep.

Café Familia, met sy nuwe opgegradeerde kombuisgeriewe, sal ook regstaan met ontbyt en middagete opsies, wat hulle huidige Sondagverskeidenheid sal uitbrei.

Hierdie impakteer jou:

... die medewerker – Die addisionele byeenkoms skep geleenthede vir *nuwe medewerkers* om by die gemeentelewe in te skakel – of om te begin eksperimenteer met geleenthede om iets vir die Here te doen.

Vir *bestaande spanlede* beteken dit 'n seisoen van die addisionele myl stap – maar ook vir interaksie in kleiner groepe, en om 'n warm ervaring te skep wat die Kerkbelewenis meer toeganglik maak. Ons kan nie sonder jou nie.

... die gemeente – Jou opsies vergroot. Dis steeds 'n ruimte vir familie en vriende – so of jy die 08:30-diens wil bywoon en die res van die dag vir jouself gebruik, of bietjie later wil inlê en die 10:15-diens bywoon – dis jou keuse.

... vir jou die besoeker – Jy is altyd welkom! As jy op 'n plek is waar jy nog net wil ondersoek instel of die saak uitkyk, hoop ons dat hierdie aanpassings, Mosaïek op 'n logistiese vlak meer toeganglik vir jou sal maak.

Die **Mosaïek** wat ons ken, deins nie terug vir potensiaal nie; Hulle pak 'n uitdaging aan om mense bloot te stel aan 'n boodskap en lewe wat kunstig die Here se manier van dinge doen weerspieël.

Ons sien uit na 'n opwindende seisoen wat voorlê.

Dankie vir 'n ongelooflike reis tot dusver ...

Voorstelle of navrae kan aan ettienneb@mosaiek.com gerig word. As jy vir diens-werk wil aanmeld, kontak jacquesb@mosaiek.com.

mosaïek am
08:30 & 10:15

mosaïek pm
Die aanddiens vind plaas om 19:00. Die aandbyeenkoms, herhaal gewoonlik die oggend-tema en die byeenkoms word spesiaal verweef met die Nuwe Generasie in gedagte.